Maandag **28 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:1-13**

**Fokusgedeelte: Handelinge 2:1-13**

**Om toegerus te word**

Wat is jou doel op aarde? Dis opvallend dat die lewe van die gelowige dikwels in die Bybel vergelyk word met saad. Met geloof so groot soos mosterdsaad kan berge versit word.

1 Petrus 1 praat van verganklike en onverganklike saad – en dat ons as gelowiges gebore is uit onverganklike saad.

Ons is nie bedoel om droë saad, sonder groei, te wees nie. Dis mos absurd om ’n saadjie te plant en nooit water te gee nie en te verwag dat dit moet groei nie.

In Handelinge 2 lees ons van iets soos ’n stormwind en tonge van vuur. Waarnemings wat nie werklikhede was nie. Die werklikheid was wat gebeur het na die uitstorting van die Heilige Gees: God laat praat. God laat luister. Hierdie hoor-wonder was die begin van die boodskap van Jesus se sterwe en opstanding, sodat jy kan glo en werk in God se koninkryk. Die Heilige Gees ontkiem en laat groei.

’n Perskeboom êrens in ’n bos is nie veel werd nie. Daarom het die Here jou in ’n baie spesiale boord geplant. Ons noem dit die gemeenskap van die heiliges. Dan het ons ’n Landbouer wat sy boord versorg: in Handelinge 2 is die versorging toerusting. Hy maak sy boord “nat” met die Heilige Gees.

Die gevolg: dissipels wat lafhartig in Getsemane weggehadloop het, preek onverskrokke. Toegerus maak hulle ’n verskil.

Dink hieraan: Die perskeboom kry geen voordeel van die pragtige perskes wat hy dra nie. Ander kry dit. Dit beteken dat as jy die toerusting van God reg gebruik, jy vrugte sal dra. Jy moet reg na die vrugte kyk! Kyk wat beteken jy vir mense: ouers, kinders, vriende en geloofsgenote. Jou vriendelike woord, glimlag op die regte tyd, hoe jou gebede hulle dra. Kyk na jou vrugte. Kyk wat het die Heilige Gees deur jou laat groei. Dit is jou doel op aarde!

*Sing: Psalm 123-1:1*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Emeritus)*